31 Oktober 2007

Ds Danie Mouton
Skriba Sinodale Kommissie
Posbus 15751
EMERALD HILL
6011

Geagte Ds Danie,

KONSULTASIE: KERKHERENIGING

Hierdie brief skryf ek aan jou as my persoonlike belewenis van wat die afgelope week gekulmineer het in gemeentegesprekke in bogenoemde verband. Ek glo dat dit ook die belewenis was van ons 4 voltydse leraars, leierouderling en voorsitter: Leer en Aktueel wat deel van al 5 gemeentegesprekke was.
[Omgeegroepe en wyke is ook genooi om verdere insette te lewer op standaardterugvoervorms].

1. WANTROUE

1.1 Die betrokkenheid van Dr Boesak word op groot skaal nie vertrou nie. Baie lidmate glo vry algemeen vas dat hy steeds dieselfde doelstellings nastrewe en nou net sy strategie verander het; dat alles daaroor gaan om in finale beheer van die NGK te wees. Ek is werklik bevrees dat sy prominensie in die proses noodlottig vir ons gemeente en baie ander gemeentes kan wees in die proses en die finale resultaat.
As hy werklik erns met die saak het en ek glo hy het, sal dit die saak ten beste dien as hy terug staan. Met hom in die agtergrond sal die kerkhereniging moeilik slaag, hoe jammer ook al, wat nog met hom in die voorgrond! Ek sê nie dis reg nie, maar dis hoe dit is.
Dit gaan hier nie net oor die geskiedenis nie, maar ook daaroor dat hy nog nooit erken het dat hy gefouteer het oor daardie sake wat 'n volbank regters hom skuldig bevind het nie. 'n Belydenis in die verband sou baie kon help om hom meer geloofwaardigheid te gee, word gesê.

1.2 Die uitspraak dat dit nie meer oor die "óf" gaan nie, maar oor die "hoe", voordat lidmate daarin geken is, het fenomenale destruktiewe emosies losgelaat in ons gemeente, hoe ons ook al wal gooi om realisme te laat seëvier. Referendums word vry algemeen geëis! Besonderhede oor presies hoe die gemeente by approbasie getoets sal word, kan moontlik 'n brandende kwessie in die bed sit. Besonderhede oor wat sal met ons gemeente gebeur as ons nie deel van die ⅔ meerderhede uitmaak nie, word voortdurend gesoek.

1.3 Die "groei na volle aanvaarding" van Belhar word as bedekte forsering daarvan gesien en dit behoort geskrap te word in belang van die proses en vertroue. Dít en diegene "wat nog nie gereed is nie" klink buitendien hovaardig, so asof teenstanders van Belhar onderontwikkeld is! Dis giftig!

1.4 Die geslag van afgetredenes in ons gemeente (d.w.s. die helfte van die byna 5000 lidmate) voel oorwegend in die steek gelaat deur hul eie leiers in 1994 en dit spoel oor na die kerk. Dit is myns insiens jammer dat kerkhereniging juis nou op die spits gedryf word en dat dit nie oral net mettertyd vrywilliglik kan plaasvind soos wat reeds elders gebeur nie. (Vergelyk 'n vrywillige troue vs 'n "moet"-troue).
Dat daar leiding moet wees van bo is waar, maar daar moet nie 'n sweempie van forsering êrens deurslaan nie.

1.5 Lidmate voel sterk daaroor dat hulle nie kans kry om na die "ander kant" van die saak te luister nie. Ons sal ernstig daarna moet kyk in ons gemeente en ons beoog om vroeg in die nuwe jaar so 'n aksie van stapel te stuur in wyksverband. Ons sal 'n dokument

moet opstel wat die verskillende “kante” weergee. Ondervinding het my geleer dat ‘n saak drie kante het: My kant, jou kant en die waarheid, meestal êrens tussenin. (“What you see depends on where you stand”).

1.6 Die wantroue spoel ongelukkig oor na die Kerkraad en die Gemeente vrees dat die Kerkraad nie in voeling met die gemeente mag wees nie; nieteenstaande die feit dat die Kerkraad se menings oor die konsultasievoorstelle goed ontvang word. Referendums (“ja” of “nee” vir Kerkvereniging) word vry oral geëis voordat enigsins verder gegaan word met gesprekke!

2. DIE HUIDIGE STAND IN ONS GEMEENTE

2.1 Ons was te wagte dat, soos altyd by sulke gemeentegesprekke, dit hoofsaaklik deur die ontevrede (selfs kwaad) lidmate bygewoon sal word. Tog het die intensiteit van wantroue, aggressie en selfs woede my diep geskok. Van ewewigtige kalmte is daar, behalwe in enkele gevalle, min sprake.
Ons is bewus daarvan dat die 20% - 60% - 20% - beginsel waarskynlik ook hier geld; die volume–implikasie is dus 1000 –3000 – 1000!

2.2 Die onsekerheid maak ons baie seer. Kerkbywoning en dankofferbydraes het op kommerwekkende skaal af geneig van ons normaalweg akkurate vooruitskattings ten spyte van innoverende sisteme om prediking, toerusting en huisbesoek te verbeter. ‘n Beduidende aantal lidmate onttrek hulle en maak inderdaad gereed om na ander kerke te gaan; trouens ons kan selfs ‘n normale grootte gemeente (1000) verloor!
Die grootste gemeente in die Oos-Kaap is myns insiens met sy rug teen die muur, hoe positief diegene in die ampte ookal mag lei.

3. HOE KAN DIE SINODALE KOMMISSIE HELP?

3.1 Neem ons asseblief ernstig op en verseker dat dringende duidelike riglyne vir ’n opsie van assosiatiewe lidmaatskap beskikbaar raak. Hierdie model moet gemeentes opsies bied om vrywillig te assosieer of nie.

3.2 Dit moet kerke/gemeentes die opsie bied om op ‘n positiewe wyse met Belhar te assosieer – nie op negatiewe wyse daarvan te disassosieer nie. Ons voorstel in die verband by die konfessionele basis kan na my mening ‘n lotsbepalende paradigmaskuif bring.

Baie dankie vir jou persoonlike bemoeienis met ons gemeente. Dieselfde geld Ds Hansie Schutte wat gister weer ‘n besielende boodskap gelewer het by ons Visie- en Hervormingsfees.

Ek hoop om op hierdie wyse die intensiteit van wat ons ervaar te aksentueer.
Vriendelike groete

CR Peyper
Uitvoerende Voorsitter: Kerkraad

NS Hiermee saam die opsomming van terugvoer in voorgeskrewe formaat.
Die volledige data vanuit gemeentevergaderings, asook addisionele terugvoere van omgeegroepe of wyke op standaard (groen) terugvoervorms en ander motiverings, soos ontvang word vandag per hand by u afgelewer.

Die volgende bylaes met rou data word daarby aangeheg.

1. Sakelys na Gemeentegesprekke
2. Kerkraad standpunte aan Gemeente voorgelê.
3. Verslag en Voorstel – Dr WPD Gertenbach
4. Wyke 10 en 11
5. Omgeegroep 18 (J Fourie)
6. Prof G du T de Villiers
7. Omgeegroep 11 (M Janse van Rensburg)
   [Bylae soos by AP Kotze]
8. Omgeegroep 10 (AP Kotze)
   [Bylaes]
9. Wyk 28 (H Thiart)
10. Omgeegroep 14 (G Joubert)
11. Wyk 33 (L de Bruijn)
12. Wyk 34 (L de Bruijn)
13. Wyk 15 (M du Plessis)
14. Wyk 72 (J Koekemoer)
15. Wyk 50 (T Meyer)
16. Notas i.v.m. Konsultasie gesprekke met gemeente